# JEUG FUNAAND: Vrugte van die Gees

## 1. Praise and Worship

## 2. Ysbreker: Opwarming - Oestyd

- Elke groep kry ‘n tafeldoek – ALMAL moet daaraan vashou, NIEMAND se hande mag van die tafeldoek af wees nie.
- Ek gooi ‘n klomp gekleurde plastiek balletjies op die vloer
- Soos ek ‘n vrug van die Gees en ‘n kleur roep moet die groepe kyk hoeveel van daai kleur balletjies hulle met die tafeldoek kan optel sonder om hulle hande te gebruik.

## 3. INLEIDING:

Ons het verlede kwartaal ‘n inleiding oor die vrugte van die Gees gedoen en toe het ons deur die eksamen drie aande na van die vrugte begin kyk. Vanaand wil ons amper bietjie ‘recap’ met ‘n Funaand oor die vrugte van die Gees sodat julle dit wat ons verlede kwartaal gedoen het weer kan onthou.

## 4. Vrug van die Gees : LIEFDE

Die vrug van die Gees liefde is nie wanneer dit maklik is nie, maar wanneer dit moeilik is om iemand lief te hê.

## Bybelverhaal: 1 Kon 3: 16-28

Die Bybelverhaal wat hierdie soort liefde baie mooi beskryf is die twee vroue wat na Koning Salomo gekom het. Die een het haar baba deur die nag doodgelê en toe die ander vrou se kind gevat en die dooie baba langs haar neergesit. Toe die vrou die oggend wakker word toe sien sy dat daar ‘n dooie baba langs haar lê, maar dat dit nie haar kind was nie. Die ander vrou wou nie haar kind teruggee nie, en hulle is toe na koning Salomo om te help. Hy sê toe dat die baba in twee gesny moet word en elke vrou ‘n deel kry. Die ma van die baba was so lief vir hom gewees dat sy toe sê hulle moet hom eerder vir die ander vrou gee as om hom seer te maak. Die vrou wie se kind dit nie was nie, was nie gepla nie en bereid om die kind in twee te laat sny. Die koning het toe geweet dat die vrou wat die kind lief genoeg het om hom eerder weg te gee as te laat seermaak die regte ma van die kind was.

## Speletjie:

Elke groep kry ‘n klomp blaaie en skêre, hulle moet kyk hoeveel hartjies hulle in ‘n minuut uit die papier kan sny, mense se name daarop skryf en dit teen die muur gaan plak.

## 5. Vrug van die Gees: VREUGDE

Die vrug van die Gees Vreugde is nie ‘n menslike emosie wat kom en gaan nie. Dis word aan jou deur die Heilige Gees gegee en word veral in moeilike omstandighede gesien! Vreugde / blydskap kom nie van of deur ons omstandighede soos geluk nie, dis ook ‘n heeltemal ander tipe emosie as geluk!

## Bybelverhaal: Hand 16: 25-34

Die mooiste voorbeeld van die Vreugde in die Bybel is die verhaal van Paulus en Silas in die tronk. Die Bybel sê hulle is BAIE geslaan, hulle wonde is NIE verbind nie, hulle het op ‘n koue vloer met hulle hande en voete in blokke gesit terwyl hulle….. sing en God se naam groot maak. Dieselfde naam vir wie hulle geslaan is en in die tronk gesit het! Wat sou ONS gedoen het???

## Speletjie:

Hierdie soort vreugde laat my altyd aan borrels dink. Elke groep kry ‘n swartsak en ‘n skotteltjie met skottelgoed seepwater in. Elke groeplid kry ‘n strooitjie. Die groepe kry ‘n minuut om te kyk wie kan die meeste borrels blaas.

## 6. Vrug van die Gees: VREDE

Regte vrede is die resultaat van ‘n verhouding met God hê. Vrede beteken nie dat daar nie worries en dalk konflik gaan wees nie, maar ‘n kalm wete binne-in jou dat God in beheer is van die situasie, maak nie saak hoe rof dit om jou lyk nie

## Bybelverhaal: Daniël 3:13-18

Die verhaal van Daniël se drie vriende wat in die vuuroond gegooi is omdat hulle nie voor ‘n ander God as ons God wou buig nie laat my nogal aan die Vrug die Gees – Vrede dink. Hulle het vertrou dat God hulle sou red, en hulle het soveel vrede gehad dat hulle gesê het – as Hy dit nie doen nie, dan is dit ook ok met ons. DIT kan jy net doen as jy VREDE het!

## Speletjie:

Elke groep gaan ‘n stel LEGO blokkies kry en ‘n stuk karton waarop hulle ‘n muur moet bou. Twee van die kinders gaan die karton die heeltyd skud om dit moeilik vir die bouers te maak. Ons kan nie funksioneer as ons stress en worry nie (karton wat geskud word), maar as ons in ‘n verhouding met God staan dan is ons rustig en kalm t.s.v. moeilike omstandighede (Daniël se 3 vriende).

## 7. Vrug van die Gees: GEDULD

Geduld is om te wag vir die regte tyd – sonder om te kla. Die regte tyd is God se tyd. Dis die vermoë om aan te hou en uit te hou – selfs onder moeilike omstandighede – met ‘n positiewe verwagting dat dinge gaan uitwerk en beter word.

## Bybelverhaal: Heb 6:15

Die verhaal van Abraham aan wie God ‘n groot nageslag beloof het sonder dat hy nog ‘n erfgenaam gehad het, laat my baie aan die vrug geduld dink. Ja, Abraham en Sara HET drooggemaak deur hom by Sara se salvin te laat slaap, maar hulle het ook agterna besef watter gemors hulle aangevang het, en het toe gewag. Abraham was 100 jaar oud en Sara 90 jaar oud toe Isak gebore is. Sê my DIS nie GEDULD nie!!!

## Speletjie:

Elke groep gaan ‘n paar blaaie en ‘n origami dingetjie kry om te bou. Min van ons weet regtig HOE om dit te bou, en dit vat GEDULD om dit klaar te maak en nie halfpad op te hou nie.

## 8. Vrug van die Gees: VRIENDELIKHEID EN GOEDHARTIGHEID:

Hierdie twee vrugte is baie dieselfde en daarom gaan ons hulle saam hanteer. ‘n Beter woord as vriendelikheid vir hierdie vrug is om gaaf te wees. Goedhartigheid en gaaf is om goed te wees teenoor en vir die mense rondom jou. Dis om iemand te help wanneer hulle sukkel, sonder dat jy iets daaruit kry.  Bv. help iemand oor die straat, deel jou broodjie met iemand wat nie het nie ens.

## Bybelverhaal: Luk 10: 25-37

Die Bybelverhaal wat ons aan hierdie vrugte laat dink is die Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. ALMAL het verby die man geloop wat deur rowers aangeval en vir dood laat lê is, tot die ‘kerkmense’. Die Samaritaan was die ‘most unlikely’ een om te help, en hy het NIKS daaruit gekry nie, maar hy het hierdie man se wonde verbind EN betaal vir hom om in ‘n plek te bly totdat hy gesond was.

## Speletjie:

Vir hierdie speletjie gaan ons ‘n Goedhartigheid ‘boom’ maak. Die boom is reeds vasgeplak teen die muur. Julle gaan in julle groepe dink aan PRAKTIESE, alledaagse voorbeelde van HOE julle gaaf / goedhartig by die skool, huis en tussen jou vriende kan wees. Skryf die voorbeelde op die papiertjies en kom plak dit dan op die boom.

## 9. Vrug van die Gees: NEDERIGHEID:

Nederigheid is om mense met sagte hande te behandel. Om mense nie altyd te veroordeel nie, maar eers te luister en dan eerder te help as om weg te wys. Nederigheid beteken om nie te dink dat jy beter as iemand anders is nie.

## Bybelverhaal: Luk 3:16

Die Bybelverhaal wat ons vir nederigheid wil gebruik is beslis Johannes die Doper. Hy word Jesus se voorloper genoem, hy het die pad vir Jesus ‘voorberei’, maar hy het in die woestyn gebly, goggas geëet en klere van dierevel gedra. Al was hy Jesus se ‘voorloper’ het hy gesê dat hy nie eers werd is om Jesus se skoene los te maak nie. Dit wat hy gepreek het was ook om nie te dink jy is beter as iemand anders nie.

## Speletjie:

Elke groep kry ‘n paar stukkies spaghetti en ‘n klompie krale. Julle kry ‘n minuut om te kyk hoeveel krale julle deur die spaghetti kan ryg sonder om dit te breek. Nederigheid het ‘sagtheid’ nodig, soos jy dit nodig het vir die deurkry van die krale sonder om die spaghetti te breek.

## 10. Vrug van die Gees: SELFBEHEERSING

Selfbeheersing is om beheer oor jou eie gedrag te hê. Dis om NEE te sê vir versoekings. Om selfbeheersing te hê is nie altyd maklik nie, want die satan gaan probeer om jou te kry om verkeerde keuses te maak.

## Bybelverhaal: Gen 39:10

Die Bybelverhaal wat hierdie seker die beste verduidelik is Josef toe Potifar se vrou by hom aangelê het, en hy eerder in die tronk beland het as om aan iemand anders se vrou te raak.

## Speletjie:

Ons gaan kyk wie kan vir ‘n minuut doodstil SIT, en glad nie PRAAT nie! Sjoe, wat ‘n oefening van selfbeheersing vir van die kinders…

## 11. Vrug van die Gees: GETROUHEID:

Om betroubaar te wees beteken dat mense op jou kan staatmaak, jy is lojaal en jy doen wat jy gesê het jy gaan doen.

## Bybelverhaal: Matt 21: 28-32

Die twee seuns en die wingerd. Die een het gesê hy gaan in sy pa se wingerd gaan werk, maar het nooit gegaan nie. Die ander seun het gesê hy wil nie gaan werk nie, en het tog gegaan. Miskien is hierdie eerder ‘n voorbeeld van ontrouheid, maar dit verduidelik tog die punt.

## Speletjie:

Die ‘trustfall’ bly seker die beste voorbeeld van getrouheid. Een groeplid staan op ‘n slag in die middel van die groep en val terug en die groeplede vang hom of haar. Ek sê ek sal jou vang, en jy sal nie seerkry nie, en ek vang jou, en jy kry nie seer nie. Ek DOEN wat ek Sê ek gaan doen!

## 12. Samevatting

Vrugte van die Gees is wanneer ek my hart vir Jesus gegee het, en my lewe WYS dit in die manier hoe ek leef en optree teenoor ander. M.a.w. ons kan nie met die mond sê ons lewe behoort aan Jesus, maar alles wat ons doen en hoe ons leef wys die teenoorgestelde nie. As ons harte aan Jesus behoort dan sal ons lewens dit wys.

## 13. Sluit af met gebed en deel selfone uit.